

27 Julie

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:2b-16

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:14-16

Waarmee is jy besig?

Die Romeinse keisers het gedink dat hulle die wêreld kon beheer. Maar ... daar is net een unieke, almagtige Here wat alle wêreldse en skeppingsmagte beheer ... God. En ja, Hy is in die hemel, onsigbaar in sy grootsheid, maar ... tog is Hy besig om met sy ewige mag en krag sy werksplan hier op aarde uit te voer. Sy werksplan ... om die goeie nuus oor Jesus Christus wêreldwyd te versprei (Matt 24:14), om in sy geduld mense tot bekering te roep (2 Pet 3:8-9), om uiteindelik alles te wees vir alles (1 Kor 15:28).

By hierdie werksplan moet die jonge dominee Timoteus inskakel. Hy moenie sy tyd met die dwaalleraars se Christuslose gesprekke mors nie. Hy moenie sy energie laat opslurp deur hulle rusies en jaloerse afbreekwerk ter wille van hulle eie sakke nie. Néé, Timoteus moet sy opdrag uitvoer – sy Godgegewe verantwoordelikheid om Jesus tydig en ontydig te verkondig.

Hoekom? Omdat God teenwoordig is, dié God wat alle lewe gee en in stand hou! En omdat Jesus self met God se werk besig gebly het ... tot by Pilatus ... tot aan die kruis.

En nou jy, ek ... in watter mate skakel ons by die Here se werksplan in? Hoeveel tyd en energie spandeer ons as individue, maar ook as kerk van die Here, om die goeie nuus van Jesus te vertel? Kom ons skakel in by die Here se werksplan ... totdat Jesus terugkom!

Sing: Skrifberyming 11-1:9-11

Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)